BURGER (Kaap), Saterdag Talent
22 Sep 2012, p.3

## VIND GESONDE BALANS IN JOU LEWE

# Moenie dat ambisie jou blind maak vir mooi van die lewe nie

Danie Keet




**Ambisie verg 'n goeie balans tussen dit wat vir jou belangrik is en die verantwoordelikheid wat jy het om ander in die proses in ag te neem, sê die kenners.** Grafika24

Ambisie word normaalweg as 'n positiewe karaktereienskap in getuigskrifte beskryf en as 'n goeie kenmerk beskou, meen Francois Wilbers, besturende direkteur van Work Dynamics.

"Dit is 'n begeerte om suksesvol, beroemd of magtig te wees. 'n Persoon wat arm of in haglike omstandighede grootgeword het en nietemin deur harde werk homself in 'n rigting kwalifiseer en 'n sukses behaal, word dikwels beskryf as ambisieus.

"Mense sonder ambisie word weer gesien as rigtingloos en ruggraatloos. Werknemers wat ambisieus is in hulle werk, soek na geleenthede om hul loopbane te bevorder en uiteindelik suksesvol te wees. Hulle bring gewoonlik baie tyd by hulle werk deur, werk baie hard en ontwikkel hulself om uiteindelik bevorder te word," sê Wilbers.

Doris Viljoen van DV Consulting sê sonder die ambisie van die Wright-broers, sou ons nie nou in Kaapstad op 'n vliegtuig kon klim en binne twee ure in Johannesburg wees nie.

"Ambisie is 'n goeie ding – dit laat ons harder werk, meer ure insit, nog 'n keer probeer. In die werkplek is ambisieuse mense dié wat die organisasie se produktiwiteit verhoog, want hulle werk baie ekstra ure sonder ekstra betaling. Gesonde ambisie van leiers in organisasies motiveer ook hul spanlede en kollegas om hul beste moontlike pogings aan te wend om projekte te laat slaag.

"Maar ambisie het ook 'n negatiewe sy. Dit kan ons blind maak. Ons kan so gefokus wees op wat dit ook al is wat ons wil bereik, dat ons blind raak vir die mooi goed wat rondom ons is – goeie musiek, tyd om sommer net niks te doen nie, ons lewensmaats en ons kinders.

"In *The Book of Regrets* skryf meer as 150 bekende en onbekende mense die dinge waaroor hulle spyt is. Dit het my opgeval dat hulle oor baie uiteenlopende dinge spyt is, maar nie een van hulle wás spyt dat hulle nie meer tyd by die werk deurgebring het nie!" verduidelik Viljoen.

Volgens Wilbers hou werkgewers van werknemers wat ambisieus is, terwyl ontwikkeling en vooruitgang in die samelewing ook dikwels toegeskryf word aan individue met ambisie.

"Ambisie verskil egter van mens tot mens na gelang van 'n persoon se familie-agtergrond, opvoeding, sosiale status en waardes. Vir sommige mense is dit belangrik om ryk te wees, ander wil graag in sport uitblink. Dan is daar diegene wat graag mense wil dien of help. In hierdie verband is Gandhi en Moeder Teresa goeie voorbeelde," meen Wilbers.

> **"Sommige mense het so 'n sterk begeerte om bo uit te kom of suksesvol te wees dat hulle op 'n ongesonde manier hul eie belange dien.**
>
> **— FRANCOIS WILBERS, BESTURENDE DIREKTEUR VAN WORK DYNAMICS**

Volgens Wilbers is dit moontlik om té ambisieus te wees, wat daartoe lei dat ambisie 'n negatiewe karaktereienskap raak. "Sommige mense het so 'n sterk begeerte om bo uit te kom of suksesvol te wees dat hulle op 'n ongesonde manier hul eie belange dien.

"Op 'n praktiese vlak dink ons aan mense wat meedoënloos op ander mense 'trap' om bo uit te kom, wat oneerlik is, wat ongeoorloof optree deur korrupsie te pleeg of in produkte handel te dryf wat tot die nadeel van ander mense strek.

"Op 'n sosiale vlak dink 'n mens aan diegene wat op hul werk fokus ten koste van hul verantwoordelikheid ten opsigte van hul huwelike, kinders en vriende.

"Vir ambisie om 'n deug en positiewe karaktereienskap te bly, moet daar na 'n balans tussen eie belang en die belang van ander mense gestreef word," sê hy.

Viljoen sê die probleem met mense wat deur te veel ambisie gedryf word, is dat hulle waarskynlik nooit uit ander se foute sal leer nie. "Sulke mense sal nooit weet wat die negatiewe uitkoms van te veel ambisie is nie. Ons gaan hulle stories hoor en aanhou glo dat ons dit gaan regkry om balans te behou."

"Dit lyk asof ambisie problematies raak wanneer dit te doen het met ambisie vir 'n posisie, prestige en mag. Dit is dan wanneer ons so gefokus raak op die magstryd om die volgende posisie of eerbetoon dat ons kontak met die dinge rondom ons verloor. Ons jag daardie opgedroomde uitkoms met soveel passie dat ons blind raak vir die res.

"WH Davies het gesê: *What is this life if, full of care, we have no time to stand and stare?*, terwyl Arthur Playwright (1915 – 2005) gesê het: *Maybe all one can do is hope to end up with the right kind of regrets*. Dit is hierdie lesse wat ons reeds geleer het wat ons moet toepas as ons ons vlak van ambisie oorweeg," sê sy.